



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2015**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

### ’N HOND IS DIE MENS SE BESTE VRIEND

1 Honde is sowat 12 000 jaar gelede vir die eerste keer as troeteldiere mak gemaak. Vandag speel honde ’n belangrike rol in mense se lewens. Vir gewone mense is honde nie net meer troeteldiere nie. Hulle word ook as waghonde gebruik. Daar is ook instansies wat honde formeel oplei en gebruik om sekere dienste te lewer.

2 Ongeveer 3 eeue gelede het mense honde begin leer om sekere werk te doen. **Skaaphonde** word gebruik om skape te beskerm en aan te keer. Skaaphonde is lewendig en gefokus op wat hulle doen. **Labradors** en **Boksers** is uitstekende gidshonde vir blindes. Hulle is geduldig en gehoorsaam. Die **Golden Retriever** word gebruik om mense onder rommel uit te ruik of om kinders wat wegraak, te kry.





3 **Duitse herdershonde** kan vir baie werke opgelei en gebruik word. Hulle is ideale snuffelhonde, want hulle ruik baie goed. Herdershonde hou daarvan om dinge te soek en gooi nie maklik tou op nie. Hulle word veral deur die polisie gebruik om dwelms te soek.





4 Die verskillende soorte honde het hulle eie kenmerke. Dis veral hulle voorkoms wat verskil. Die kleinste soort hond is die **Chihuahua**. Hierdie soort honde weeg minder as 3 kg en staan tussen 15 en 23 cm hoog. Die **Ierse wolfhond** het baie lang bene en kan tot 90 cm hoog staan. Die **Sint Bernard** is die swaarste hond en kan tot 91 kg weeg. Die hare van die **Yorkshire-terriër** kan tot 60 cm lank wees, terwyl daar ’n Mexikaanse hond is wat glad nie hare het nie. Klein soorte honde kan tot 16 jaar oud word, terwyl groot soorte honde tussen 7 en 8 jaar lank leef.

5 Al lyk alle honde nie dieselfde nie, is daar tog dinge wat identies is. Alle honde het sowat 321 beendere en 42 permanente tande.

6 Honde is karnivore. Hulle vreet graag vleis. Hulle is gebou om te jag. Honde kan baie goed hoor, ruik en sien. Dit is met hierdie sintuie wat hulle hul prooi kan opspoor. Hulle het sterk bene om die prooi in te hardloop en skerp tande waarmee hulle kan byt.

Kopiereg voorbehou 


7 Babahondjies kan glad nie sien as hulle gebore word nie. Hulle oë gaan eers 13–15 dae na geboorte oop. Hulle slaap baie. Wanneer hulle wakker is, drink hulle aan hul ma's. Daarom moet klein hondjies nie voor 6–7 weke van hulle ma's weggeneem word nie. Babahondjies raak lief vir mekaar en speel graag saam. Dit is belangrik vir hulle sosiale en emosionele ontwikkeling.



8 Mense wat honde het, moet hulle honde goed versorg. Honde moet elke dag skoon water en genoeg oefening kry. Hulle slaapplek moet skoon, droog en warm wees.



9 Dit is belangrik dat honde gereeld na 'n veearts geneem word vir ondersoeke en inentings. Honde word veral ingeënt teen hondesiekte, hepatitis en hondsdolheid. Hulle moet ook gereeld ontwurm word. As daar nie met honde geteel word nie, behoort hulle gesteriliseer of gekastreer te word. Dit is om te voorkom dat daar rondloperhonde is wat allerlei probleme veroorsaak.





[Verwerk uit Huisgenoot.comSKOOLTAKE 2014]

1.1 Noem TWEE redes waarom gewone mense honde aanhou. (2)

1.2 Skryf 'n sinsdeel (VYF AGTEREENVOLGENDE woorde) uit paragraaf 1 neer wat beteken dat instansies honde oplei om vir werk gebruik te word. (1)

1.3 Noem EEN eienskap van skaaphonde wat hulle geskik maak om skape aan te keer. (1)

1.4 Gidshonde "is geduldig en gehoorsaam". (Paragraaf 2)

1.4.1 Waarom moet gidshonde geduldig wees? (1)

1.4.2 Waarom moet gidshonde gehoorsaam wees? (1)

1.5 Hoekom gebruik die polisie veral herdershonde om dwelms op te spoor? (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.6) en die letter (A–D) neer.

Duitse herdershonde <u>gooi nie maklik tou op nie</u> (paragraaf 3). Dit beteken dat ...

A hulle sukkel om met toue om hulle nekke te hardloop.
B hulle aanhou met iets totdat hulle dit regkry.
C dit vir hulle moeilik is om toue met hulle tande op te lig.
D dit vir hulle maklik is om hulle prooi aan te keer. (1)

1.7 Wat is 'n kenmerk van die Ierse wolfhond? (1)

1.8 Hoe verskil die Mexikaanse hond (paragraaf 4) van ander honde? (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die korrekte antwoord neer.

In paragraaf 4 beteken die woord <u>voorkoms</u> (waar ŉ mens daardie soort honde kry/hoe die soort honde lyk). (1)

1.10 Watter TWEE identiese eienskappe het alle honde? (Paragraaf 5) (2)

1.11 1.11.1 Hoe oud kan Chihuahuas word? (1)

1.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.11.1 met ŉ feit uit die leesstuk. (1)

1.12 Waarom word honde karnivore genoem? (1)

1.13 Noem enige sintuig wat honde gebruik om hulle prooi op te spoor wanneer hulle jag. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

Babahondjies moenie direk na geboorte van hulle ma's weggeneem word nie, want hulle ...

A ma's moet hulle oppas terwyl hulle die meeste van die tyd slaap.
B moet hulle ma's sien wanneer hulle oë na ŉ paar dae oopgaan.
C het hulle ma's nodig omdat hulle nog aan die ma's moet drink.
D wil so gou moontlik by hulle ma's leer hoe om te jag. (1)

1.15 Hoe weet ons dat honde van jongs af sosiale diere is? (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.16) en die letter (A–D) neer.

Veeartse ent honde gewoonlik in teen ...

A bosluiskoors.
B slangbyt.
C wurms.
D hondsdolheid. (1)

1.17 Verduidelik waarom die volgende stelling ONWAAR is.

ŉ Mens moet <u>alle</u> honde steriliseer of kastreer. (1)


1.18 Watter tipe probleme, dink jy, kan deur rondloperhonde veroorsaak word? Noem enige TWEE. (2)

1.19 Waarom sou jy sê dat ŉ hond die mens se beste vriend is? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae.

**SÓ GEBRUIK STUDENTE TEGNOLOGIE**




[Verwerk uit *Grafika 24*]

1.20 Watter sosiale media word deur die simbool voorgestel? (1)

1.21 Noem die TWEE tipes sosiale media wat deur dieselfde persentasie studente gebruik word. (1)

1.22 Watter kitsboodskapdiens word die meeste deur studente gebruik? (1)

1.23 Watter persentasie studente bestee minder tyd aan hulle studies as aan hulle selfone? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.24) en die letter (A–D) neer.

Die doel van hierdie visuele teks is om te wys ...

A dat tegnologie tydens lesings deur studente gebruik word.
B hoe tegnologie deur studente gebruik word.
C dat sosiale media studente met hulle navorsing help.
D dat selfone noodsaaklik is om studente met hulle studies te help. (1)

1.25 Hoekom is dit makliker om 'n visuele teks te lees as om 'n geskrewe teks te lees? Gee EEN rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

## TEKS C: WAT TE VEEL GASKOELDRANK AAN JOU LYF KAN DOEN



- Som in SEWE sinne op wat **te veel gaskoeldrank aan jou lyf kan doen**.
- Skryf die SEWE sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.





Gaskoeldrank het nie vet in nie, maar dit bevat baie suiker wat baie sleg vir jou liggaam is. As jy baie gaskoeldrank drink, is die kans groter dat jy tipe 2-diabetes kry.



As jy te veel gaskoeldrank drink, het dit 'n negatiewe effek op die werking van jou brein. Dit kan veroorsaak dat jy moeilik leer en dinge maklik vergeet.



Sommige gaskoeldranke bevat baie kafeïen. Te veel kafeïen is sleg vir jou liggaam. Kafeïen kan jou wakker hou.



Gaskoeldranke het bestanddele in wat keer dat die koeldrank sleg word. Hierdie bestanddele word preserveermiddels genoem. Dié preserveermiddels kan die kaliumvlakke in jou liggaam verlaag en asma veroorsaak. Kalium help om jou longe gesond te hou.



Daar is bestanddele in gaskoeldrank wat nie goed is vir jou maag nie. Dit kan jou maag omkrap en dit laat pyn.



Dokters sê dat gaskoeldrank die bene in jou lyf swakker maak. Hoe meer gaskoeldrank jy drink, hoe sagter maak dit jou bene. Jou bene sal dus makliker breek of seerkry.

Gaskoeldrank het baie suiker en sure wat die beskermende lagie wit emalje van jou tande afvreet.



[Verwerk uit *Huisgenoot*, 1 Desember 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

# ABC-BOEKWINKEL



***Boeke en skryfbehoeftes* (3.2) *te kies en te keur!***

**Ons het álles wat jy nodig het vir die (3.4) (baie nuwe) skooljaar ... en teen baie lae pryse!**

**(3.6) Skryfboeke handboeke en voorgeskrewe boeke!**

Alles wat jy benodig om te skryf of te teken

**'n Groot verskeidenheid ander dinge vir jou skooltake**

**Internetfasiliteite teen lae tariewe**

**Ons winkel is skoon en netjies.**
**Ons diens is flink en die (3.7) (vriendelik).**
**Ons personeel is die beste!**

**(3.8) As daar iets is waarna jy soek en ons het dit nie in die winkel nie, sal ons dit vir jou bestel.**

**Besoek ons in Proteastraat 76, Bloemfontein,**
**of skakel ons by 006 555 8888.**
**Jy kan ook 'n e-pos na abcboekwinkel.com stuur.**

[Eie teks]

3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.2) en die letter (A–D) neer.

"te kies en te keur" beteken ...

A om iets te kies waarvan jy hou.
B daar is baie items om van te kies.
C om die beste item te kies.
D daar is items wat goedgekeur is. (1)

3.3 Hoekom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes in die advertensie? (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM vir "baie nuwe". (1)

3.5 Skryf TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde neer wat wys dat die Internetfasiliteite baie goedkoop gebruik kan word. (1)

3.6 Skryf die volgende woorde oor en vul die LEESTEKEN in wat uitgelaat is:

Skryfboeke handboeke en voorgeskrewe boeke! (1)

3.7 Skryf die KORREKTE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies neer:

Ons diens is flink en die (3.7) (vriendelik). (1)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die letter (A–D) neer.

As daar iets is waarna jy soek en ons het dit nie in die winkel nie, sal ons dit vir jou bestel.

Hierdie sin is 'n voorbeeld van ...

A figuurlike taalgebruik.
B stereotipering.
C manipulering.
D vooroordeel. (1)


3.9 Gee EEN VOORNAAMWOORD wat die adverteerder regdeur die advertensie gebruik om die leser persoonlik te betrek. (1)

3.10 Hoekom dink jy is ABC-BOEKWINKEL 'n gepaste naam vir hierdie winkel? (1)
**[10]**

## VRAAG 4

## TEKS E: SPOTPRENT

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit *Volksblad*, 23 Oktober 2012]

4.1 Hoe kan ons aan Ma se lyftaal of gesigsuitdrukking sien dat sy met Pietie raas? Noem EEN punt. (1)

4.2 Kies die korrekte UITROEP tussen hakies.

(Genugtig/Hoera), Pietie! (1)

4.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ma vra vir Pietie: "Het jy nie tuiswerk nie?"
Begin só: Ma vra vir Pietie of ... (1)

4.4 Gee ŉ ANTONIEM vir die woord "slaag".

Jy gaan beslis (slaag) as jy nie hard leer nie. (1)

4.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Pietie stuur ŉ boodskap.
Begin só: ŉ Boodskap ... (1)

4.6 RANGSKIK die woord(e) tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor.

Julle jongmense sit (voor die rekenaar) (stil) (elke dag).
Begin só: Julle jongmense sit ... (1)

4.7 Gee die korrekte AFRIKAANSE woord vir die woord tussen hakies.

Nee, ek is besig om met my vriende te ("chat"). (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.8) en die letter (A–D) neer.

"Agteros kom ook in die kraal" beteken dat ...

A iemand wat stadig is, ook uiteindelik klaarkry.
B al die beeste in die aand terugkom kraal toe.
C daar een bees is wat altyd laaste in die kraal kom.
D iemand wat stadig werk, nooit die werk voltooi nie. (1)

4.9 Skryf die KORREKTE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies neer:

Ma weet mos ek is (slim) as my maats. (1)

4.10 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE/NEGATIEWE VORM:

Luister Pietie na sy ouers?
Begin só: Nee, ... (1)


**[10]**

## VRAAG 5

### 5.1 TEKS F: LEESTEKS

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.

**TRADISIONELE MUSIEKINSTRUMENTE IN AFRIKA**




Mense van Afrika gebruik verskillende soorte instrumente om (5.1.1) (hulle/julle) eie musiek te maak.

Tromme en (5.1.2) ratel is belangrik vir die ritmes van Afrika-musiek. Die djembe is ŉ trom. Die (5.1.3) (rond) gedeelte van die trom word (5.1.4) (met/voor) die hand gespeel. Die hosjo is ŉ ratel wat (5.1.5) skud word. Hierdie maranka vol sade word gebruik (5.1.6) ... ŉ sekere geluid ... maak.

Die kora is 'n (5.1.7) snaar+instrument. Dit word van (5.1.8) (die/ŉ) kalbas gemaak wat met beesvel oorgetrek is. Die kora het (5.1.9) 21 snare. Die kora word nie net met die vingers gespeel nie, maar met die hele (5.1.10) arm.

Die mbira is ŉ houtinstrument. (5.1.11) Dit word ŉ duimklavier genoem. Dit word met die duime gespeel.

Die (5.1.12) kwêlafluit is baie bekend. Dit is deel van (5.1.13) Suid-Afrika se eie musiek. Dit het ses vingergate en word van (5.1.14) plastiek of metaal gemaak.

[Verwerk uit Huisgenoot.comSKOOLTAKE 2014]

5.1.1 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 2) (1)

5.1.2 Gee die MEERVOUD van “ratel”. (Reël 3) (1)

5.1.3 Skryf die KORREKTE VORM van “rond”. (Reël 4) (1)

5.1.4 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 5) (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE VORM van “skud”. (Reël 6) (1)

5.1.6 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor.

... ŉ sekere geluid ... maak. (Reël 7) (1)

Kopiereg voorbehou 

5.1.7 Gee die korrekte SAMESTELLING van "snaar+instrument". (Reël 8) (1)

5.1.8 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies. (Reël 8) (1)

5.1.9 Skryf die GETAL (21) in woorde. (Reël 9) (1)

5.1.10 Gebruik die woord "arm" (reël 11) in ŉ sin sodat dit ŉ ANDER BETEKENIS het. (1)

5.1.11 VERBIND die sinne hieronder (reël 12–13) met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dit word ŉ duimklavier genoem. Dit word met die duime gespeel. (omdat) (1)


5.1.12 Gee die VERKLEININGSVORM van "kwêlafluit". (Reël 14) (1)

5.1.13 Skryf die AFKORTING neer vir "Suid-Afrika". (Reël 14) (1)

5.1.14 Verdeel die woord "plastiek" in LETTERGREPE. (Reël 15) (1)

5.2 **TEKS G: PRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit *Izakhono Zobomi Ibanga 3*]

Kies telkens die korrekte WOORD tussen hakies. Skryf net die woord neer.

5.2.1 As ons na die prentjie kyk, kan ons sien dat die Mbeki-gesin ŉ (gelukkige/ongelukkige) gesin is. (1)

5.2.2 Die Mbeki-gesin sit in hulle (sitkamer/eetkamer). (1)

5.2.3 Meneer Mbeki eet ŉ (snytjie brood/broodrolletjie). (1)

5.2.4 Mevrou Mbeki vra vir haar man of hy van die (vrugte/groente) in die bak wil hê. (1)

5.2.5 Die gordyne voor die vensters is (oopgetrek/toegetrek). (1)

5.2.6 Die seuntjie sit op die vloer (onder/langs) die tafel en speel. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Beantwoord NET die vraag oor die stories wat jy behandel het.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: 'DIE OOREENKOMS' (20)**
**VERHAAL B: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' (20)**

**OF**

**VERHAAL A: 'OM LAASTE TE KAN LAG' (20)**
**VERHAAL B: 'OPGANG' (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: 'DIE OOREENKOMS' – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Willem," pleit hy sommer reguit, "ek dink ons beter die ding maar los. My hart sal nie dié skok nog by die ander skok kan staan nie. Ek het jou nooit gesê nie, ek was my lewe lank maar lugtig vir 'n spokery …"
>
> Maar die vrees was soos 'n adder wat in sy slaap gesteur is. Wat roer die gordyn so, is daar dan wind? Hy hoor dan niks …
>
> ***
>
> Was daar nie nou iets by Willem se kas nie? Koue rillings slaan soos branders oor hom, die een is nog nie mooi verby nie, dan kom die volgende een al weer.
>
> ***
>
> Die daglig bring verligting, maar nie gerustheid nie.

6.1 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Een van die oudste inwoners in die ouetehuis het gesterf.
- Jakob en Willem het 'n ooreenkoms aangegaan.
- Jakob en Willem het mekaar in die ouetehuis leer ken.
- Jakob en Willem het oor lewe na die dood gesels. (4)

6.2 In hierdie uittreksel praat Jakob van "die ander skok". (Reël 2) Wat was die ander skok? (1)

Kopiereg voorbehou 

6.3 Watter "ding" wou Jakob hê moes hy en Willem los? (Reël 1) (1)

6.4 Wat het Jakob in die nag gedoen om die spoke weg te hou? Noem EEN punt. (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die letter (A–D) neer.

"Koue rillings **slaan soos branders oor hom** …" (reël 6) is ŉ voorbeeld van …

A ŉ metafoor.
B kontras.
C klanknabootsing.
D ŉ vergelyking. (1)

6.6 Na Willem se dood het Jakob vir die Bestuur gevra dat hulle iemand anders by hom in die kamer moes sit.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Hy sluit die deur en haal die bottel uit die wegsteekplek. |
| *** |
| En nou? As die bottel nou nie wil oopmaak nie?<br>Dis baie snaaks. |
| *** |
| Die volgende oomblik draai die prop gewoonweg tussen sy vingers los.<br>"Willem? Moenie laat ek skrik nie, is dit jy?" |

6.7 Waar het Jakob die bottel whisky weggesteek? (1)

6.8 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (6.8) en die korrekte woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| haastig; | skelm; | stiptelik |

Jakob en Willem het elke aand … whisky gedrink omdat dit teen die reëls was. (1)

6.9 Waarom kan ons sê dat Willem die ooreenkoms nagekom het? (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.10) en die letter (A–D) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is …

A drankmisbruik.
B betroubaarheid.
C spokery.
D eensaamheid. (1)

6.11 Dink jy dat dit goed is vir ou mense om in ŉ ouetehuis te bly wanneer hulle oud word? Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

6.12 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.12.1–6.12.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.12.1 | Christina | A | … het gesê die waglys vir ŉ kamer is lank. |
| 6.12.2 | Willem | B | … het vir die ander mense koekies en beskuit aangedra. |
| 6.12.3 | Jakob | C | … was jare lank bedlêend. |
| 6.12.4 | Matrone | D | … het veertig jaar lank in die landboukoöperasie gewerk. |
| | | E | … het tot laat in die aand in die televisiekamer gebly. |

(4 x 1) (4)

6.13 Gee TWEE redes waarom dit goed is om ŉ goeie vriend te hê. (2)

**EN**

**VERHAAL B: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> ... Hier kort vóór die eindfluitjie toe loop my dorp nog so kop aan kop met Barrydale. En kyk, nou moet jy darem verstaan, dit het g'n mens verwag nie. G'n mens nie, behalwe Rooikoos Willemse in sy dronkenskap. Jong, en die mense gaan te kere. Soos hulle die motors om die veld getrek het om te sit en kyk, én luister na die Transvaal-Boland-wedstryd oor die radio's, so het daardie motors gestáán en daar was later – soos ek gesê het – g'n mens meer in die motors nie. Almal het gestaan en gil en skreeu …
>
> ***
>
> Ou boetie, en die man stel die bal. En g'n mens haal asem nie. En die vroumense laat hul breiwerk op hul skoot sak.
> En toe maak Rooikoos Willemse die fout.

6.14 Na watter sportsoort het almal daardie dag gekyk? (1)

6.15 Rooikoos se span het "kop aan kop met Barrydale" se span gespeel. (Reël 1) Noem EEN rede waarom niemand verwag het dat hulle so gelykop sou speel nie. (1)

6.16 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (6.16) en die korrekte woord neer.

| hartseer; | ontevrede; | opgewonde |
|---|---|---|

Almal het gestaan en gil en skree omdat hulle … was. (1)

6.17 Die vroumense het belanggestel in hoe die wedstryd geëindig het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.18 Watter fout het Rooikoos kort voor die eindfluitjie gemaak? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Maar – dit het ek al gesê – Rooikoos het sy maat nie meer geken nie. Hulle sê hy het nog so gesit daar onder die almanak, toe slaan hy reg agteroor, bo van die stoeltjie af, so uit soos ŉ kers …
>
> ***
>
> Daar, in die hotel op Barrydale, word Rooikoos Willemse toe die volgende oggend – nog ŉ Sondagoggend daarby – wakker.

6.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer.

"Rooikoos **het sy maat nie meer geken nie**" beteken dat Rooikoos …

A nie met sy maats wou praat nie.
B by almal wat in die kroeg was, drankies gekry het.
C nie geweet het wanneer om op te hou drink nie.
D sy maats se name vergeet het. (1)

6.20 Met wie het Rooikoos gepraat toe hy in Barrydale se hotel wakker word? (1)

6.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Rooikoos het die hotel op sy eie dorp gebel.
- Rooikoos het in die spieël gesien sy kop is swart.
- Rooikoos het sy klere aangetrek.
- Rooikoos het gevoel sy baard is afgeskeer. (4)

6.22 Gee EEN rede waarom jy dink dat Rooikoos nie ŉ goeie rolmodel vir jongmense is nie. (1)

6.23 Kies elke keer die dialoog uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.23.1–6.23.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.23.1 | Die verteller | A | "… ek werk al jare hier op Barriesdale." |
| 6.23.2 | Die kelner | B | "Ken jy vir Rooikoos Willemse, Jan?" |
| 6.23.3 | Die skoonmaker | C | "Ai … ai … Sy pa se plaas en sy stukkie grond … is als deur sy keel …" |
| 6.23.4 | Rooikoos Willemse | D | "Ja, meneer. Ek ken hom, meneer." |
| | | E | "En my een swak puntjie – nuuskierigheid – is oersterk." |

(4 x 1) (4)

6.24 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

6.25 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.25) en die letter (A–D) neer.

ŉ Les wat ŉ mens uit hierdie kortverhaal kan leer, is dat …

A mans én vrouens dit geniet om rugby te kyk.
B ŉ mens nie ander mense se hare mag kleur nie.
C ŉ mens nie so baie moet drink dat jy omval nie.
D daar altyd gevolge is vir die dinge wat ŉ mens doen. (1)

6.26 Gee TWEE redes waarom dit verkeerd is om langs ŉ sportveld te staan en op die spelers te skree en te vloek. (2)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 7**

**VERHAAL A: 'OM LAASTE TE KAN LAG' – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Vriende had hy baie. Almal in die kontrei het hom geken en by almal was hy welkom. Dit moet hy goed geweet het, want hy sou maklik een oggend uit die bloute opdaag, ŉ koppie tee bedel, en dan drie maande bly.
>
> ***
>
> Maar lag sou jy wel as hy in die geselskap is.

7.1 Wat het oom Apie vir sy vriende gedoen as hy "dan drie maande" (reël 3) by hulle gekuier het? (1)

7.2 Wat het oom Apie saam met hom gedra as hy van huis tot huis geloop het? (1)

7.3 Hoekom het mense gelag as hulle saam met oom Apie was? (1)

7.4 Noem EEN rede waarom oom Apie steeds by sy jeugliefde gaan kuier het. (1)

7.5 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (7.5) en die korrekte woord neer.

| |
|---|
| grapjas; swartskaap; storieverteller |

Omdat oom Apie nie soos sy familie wou werk en trou nie, word hy as die ... beskou. (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.6) en die letter (A–D) neer.

As oom Apie "**uit die bloute**" (reël 2) by mense opdaag, beteken dit hy het ...

A laat opgedaag.
B onverwags opgedaag.
C eers ŉ afspraak gemaak.
D laat weet dat hy op pad was. (1)

7.7 Oom Apie het nie altyd netjies gelyk nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy loop ŉ entjie en dan sit hy weer ŉ slaggie. Daar is nie oral ŉ klip langs die pad nie en as hy op die grond moet gaan sit, dan sukkel hy weer om op te staan.
>
> Hy was die hele dag by ons en heeldag was hy en Pa en Ma druk in gesprek. Iets het gehaper, maar ek kon nie mooi vasstel wat nie. Daar was kort-kort ŉ gelag in die voorkamer, soos altyd as oom Apie by was, maar dit het my nie om die bos gelei nie.
>
> Ek sou eers jare later die storie hoor. En ook nie die volle storie nie. Daar wás ŉ jeugliefde, ja.

7.8 Noem TWEE redes waarom oom Apie na veertig jaar nie met sy jeugliefde wou trou nie. (2)

7.9 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Oom Apie wou nie trou nie en het advies gaan vra.
- Oom Apie se jeugliefde se man het doodgegaan.
- Oom Apie het gesterf en homself so uit die verknorsing gekry.
- Oom Apie se jeugliefde wou met hom trou. (4)

7.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.10) en die letter (A–D) neer.

"Ek glo nie oom Apie was ŉ **engeltjie** nie" is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B klanknabootsing.
C ŉ vergelyking.
D ŉ metafoor. (1)

7.11 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.11.1–7.11.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.11.1 Die jeugliefde se man | A ... het vir oom Apie baie presente gegee. |
| 7.11.2 Die jeugliefde | B ... het hom verbeel hy sien oom Apie lag. |
| 7.11.3 Die verteller | C ... het gesê oom Apie moes liewers trou. |
| 7.11.4 Die verteller se ouers | D ... was ŉ skatryk boer. |
| | E ... het daarvan gehou om poetse te bak. |

(4 x 1) (4)

7.12 Oom Apie se jeugliefde wou sy geheime vir ander vertel. Wat sou jy gedoen het as jy oom Apie was? (1)

7.13 Waarom pas die einde van die verhaal by die titel "Om laaste te kan lag"? (1)

**EN**

**VERHAAL B: 'OPGANG' – Ina Rousseau**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

"Kyk, wat het ek hier!" het hy uitgeroep toe hy teen sononder by die huis aankom.
Op die kombuistafel het hy die kis neergesit, amper in ŉ poel koffie wat Hannetjie in haar verstomming uitgestort het.

***

ŉ Oomblik het die masjien gelyk soos ŉ astrante diertjie wat sy tande vir die kinders wys, gereed om te begin knor en byt.

***

"Hannetjie!" hoor sy by die agterdeur, en daar staan Meisie Minnaar en Drien Tromp, twee vrouens wat hoër op in die straat woon.

7.14 Wie het vir Hannetjie die nuwe naaimasjien gekoop? (1)

7.15 Waarom was Hannetjie so verbaas oor die nuwe masjien? (1)

7.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.16) en die letter (A–D) neer.

" 'n Oomblik het **die masjien** gelyk soos 'n astrante diertjie ..." (reël 4) is 'n voorbeeld van ...

A 'n vergelyking.
B kontras.
C 'n metafoor.
D personifikasie. (1)

7.17 Hoe het Meisie en Drien geweet dat Hannetjie 'n nuwe masjien het? (1)

7.18 Lukas het nie omgegee of die masjien opgepas sou word of nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| ... "Maar so ís ek nou maar. My susters het al baie kere vir my gesê dis oor ek 'n hart het wat te saf is, dat mense my so misbruik. En my oorlede ma het altyd gesê sukkelaars moet jy nie help nie; want as jy hulle help, help jy hulle nie rêrig nie, want dan leer hulle nooit om op te hou om sukkelaars te wees nie ... Maar nou ja: so ís ek nou maar." |

7.19 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (7.19) en die korrekte woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| langer; | vinniger; | beter |

Die titel van die kortverhaal verwys daarna dat Hannetjie se lewe nou ... geword het. (1)

7.20 7.20.1 Hoe het Lot vir Hannetjie gehelp? (1)

7.20.2 Hoekom, dink jy, kan 'n mens sê dat Lot se hart nie regtig "saf" (reël 2) was nie, al het sy vir Hannetjie gehelp? (1)

7.21 Kies elke keer die dialoog uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf die vraagnommer (7.21.1–7.21.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.21.1 Katrien | A “Dis die nuutste masjien in die straat hierdie, ...” |
| 7.21.2 Meisie Minnaar | B “Kan ek ŉ lappie gaan haal en voel hoe stik hy?” |
| 7.21.3 Hannetjie | C “Dis swaar om te glo jy’s Piet se suster.” |
| 7.21.4 Lot | D “Ek het ŉ jaar om te betaal.” |
| | E “Wie s’n is dit, ...?” |

(4 x 1) (4)

7.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.22) en die letter (A–D) neer.

Die les wat ons uit hierdie kortverhaal leer, is dat ...

A dit ŉ vrou se lewe maklik maak as sy ŉ goeie naaimasjien het.
B dit jou nie beter as ander mense maak as jy iets het wat hulle nie het nie.
C mense graag vriende met jou wil wees as jy goed het wat hulle by jou kan leen.
D mense dinge moet koop as hulle weet hulle kan dit afbetaal. (1)

7.23 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe masjien kom kyk.
- Hannetjie het kort-kort die deksel afgehaal om na haar masjien te kyk.
- Lot het na Hannetjie se huis toe gekom om te voel hoe die nuwe masjien stik.
- Lukas het die nuwe naaimasjien in die sitkamer gaan sit. (4)

7.24 Wat sou jy gedoen het as jy Hannetjie was en Lot vir jou kom vra het of sy op jou nuwe masjien kon werk? (1)

7.25 Gee TWEE redes waarom ŉ mens nie moet aanhou om mense te help nie, maar hulle ŉ kans moet gee om hulleself te help. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou